15.5 BESWAARSKRIF : GK PRETORIA (DOLEREND) TEEN DIE BESLUIT OM AANSOEK TE DOEN OM SARK LIDMAATSKAP (Artt 19, 33A, 229)

A. Beswaarskrif word as gestel beskou.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 5.
C. Ds GS Kruger rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 5 die Meerderheidsrapport.
D. Br JFK Muller rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 5 die Minderheidsrapport.

E. BESWAARSKRIF

Die besluite waarteen beswaar gemaak word:

3.2 Lidmaatskap SARK

Die Deputate is van oordeel dat die GKSA aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) moet doen en beveel so by die Sinode aan. Terselfdertyd beveel die Deputate aan dat Sinode Middellande gevra word om saam met Sinode Potchefstroom aan te sluit by die SARK.

***Besluit:** 3.2 hierbo word goedgekeur met die volgende byvoeging:*

(a) "Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handelinge van die SARK nie.

(b) Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.

(c) Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap".

8.0.0 Die GKSA doen aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

9.0.0 Die Sinode begroot vir die finansiële verpligtinge ten opsigte van lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van die SARK.

10.0.0 Die Deputate stel 'n kort Inligtingstuk oor die GKSA se aansluiting by die SARK vir Kerkrade beskikbaar.

***Besluit:** Goedgekeur. (Kyk ook besluit by Rapport Deputate Ekumenisiteit: Owerheid (3.2).)*

(Besluite soos verkry vanaf die web by http://www.gksa.org.za/sinode2006/Acta2006.pdf op 18 Junie 2008)

Agtergrond

Die Gereformeerde Kerk Pretoria het kort na Sinode 2006 die genoemde besluite van die Sinode ter tafel geneem en hanteer.

Hierdie Beswaarskrif berus op die Rapport wat aanvaar is en aangeheg is. Hierdie Rapport is in sy geheel deel van hierdie Beswaarskrif, en sake wat in die Rapport genoem word en nie direk in hierdie Beswaarskrif genoem word nie, is steeds volledig deel van hierdie Beswaarskrif.

Beswaargrond 1

Daar bestaan geen noodsaak vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke nie.

Die gronde vir die beswaar is in die aangehegte Rapport uiteengesit, besonderlik in paragraaf 5.6.2 "Noodsaak van SARK lidmaatskap".

Beswaargrond 2
Daar bestaan geen gemeenskaplike Belydenisgrond met die meeste ander kerke in die SARK nie.
Die gronde vir die beswaar is in die aangehegte Rapport uiteengesit, besonderlik in paragraaf 5.6.3

Beswaargrond 3
Die SARK verwerp nie homoseksualiteit en die uitlewing daarvan as in stryd met die Woord nie.
Die gronde vir die beswaar is in die aangehegte Rapport uiteengesit, besonderlik in paragraaf 5.6.4

Beswaargrond 4
Die SARK verwerp nie die " Interfaith" en "Multifaith" bewegings nie, inteendeel, die SARK neem deel aan sulke aksies.
Die gronde vir die beswaar is in die aangehegte Rapport uiteengesit, besonderlik in paragraaf 5.6.5

Samevattende beswaar
Daar is genoegsame gronde wat duidelik aantoon dat enige verbintenis met die SARK onversoenbaar is met die eise wat die Koning van die Kerk stel.

F. MEERDERHEIDSRAPPORT VAN KOMMISSIE

1. Opdrag
Beswaarskrif: GK Pretoria (D) teen die besluit om aansoek te doen om SARK lidmaatskap (plus die Bylae wat aan die Kommissielede uitgedeel is).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem
(Die numering in die Bylae stem nie heeltemal ooreen met die numering wat gegee word in die Agenda nie, maar ons glo ons het dit reg afgelei.)

2.1 Die GK Pretoria het niemand van sy Kerkraad aangewys om die saak vir die Sinode te stel nie, maar die Beswaarskrif is deeglik verwoord en aan die Sinode deurgegee met 'n Bylae.

2.2 Verskeie broeders het van die geleentheid gebruik gemaak om met die Kommissie te kom praat en insette te lewer.

2.3 Prof JM Vorster en ds PW Kurpershoek, wat met die SARK skakel, het ook inligting oor hul skakeling gegee.

2.4 Die Sinode moet kennis neem van die volgende sake

2.4.1 Die drie byvoegings wat Sinode 2006 gemaak het by die besluit om aansoek te doen om Lidmaatskap van die SARK (Acta 2006:175 3.2)
a) ***"Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handeling van die SARK nie.***
b) Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.
c) Die Deputate kry opdrag om die Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap".

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.1.

3.1 **Beswaargrond 1 "Daar bestaan geen noodsaak vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad vir kerke nie" (***Die gronde vir beswaar vind ons in die Bylae, p4, 2 [5.6.2])*

3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 Die GK Pretoria haal as motivering ’n deel van die Minderheidsrapport aan, wat reeds deur Sinode 2006 hanteer en nie aanvaar is nie. Daarin word geredeneer dat die kerk geroep is om te getuig volgens ons Belydenis. Verder word ook op ’n gevaar gewys dat die “suiwer stem van die GKSA sodanig verswelg word deur ’n meer getemperde standpunt, dat dit later glad nie meer duidelik gehoor sal word nie.”

3.1.1.2 Die GK Pretoria voeg twee Skrifbewyse by die Minderheidsrapport waaruit hulle aangehaal (3.1.1.1) het om aan te toon dat daar ook ander wyses is om voor die owerheid te getuig, te wete Jona (Jon 3:36) en Barug (Jer 36). Deur hierdie wyses uit die Skrif aan te toon, word juis die gedagte van die besluit Sinode 2006 versterk dat daar meerdere wyses bestaan om te getuig.

3.1.2 Bevinding

Hierdie motivering oortuig nie dat die lidmaatskap by die SARK, opgehef moet word nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.1.2.

3.1.3 Aanbeveling

Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 **Beswaargrond 2 “Daar bestaan geen gemeenskaplike belydenisgrond met die meeste ander kerke in die SARK nie”** (*Die gronde vir beswaar vind ons in die Bylae, p4, 3 [5.6.3])*

3.2.1 Beredenering

3.2.1.1 Die GK Pretoria weerspreek sy eie beswaargrond in sy motivering

Eerstens beweer hulle dat daar geen Gemeenskaplike Belydenisgrond is nie, terwyl hulle in hulle motivering dit duidelik stel dat die meeste lidkerke van die SARK aan hulle onbekend is (*in die Bylae, Beswaarskrif p5, 3).*

Tweedens beweer hulle dat daar geen Gemeenskaplike Belydenisgrond is nie, terwyl hulle in hulle motivering dit duidelik stel dat met die lidkerke wat wel bekend is, weinig Belydenis gemeenskap bestaan, buiten die basiese *(in die Bylae, Beswaarskrif, p5, 3).* “Geen” wat in die beswaar gebruik word bestaan dus wel in die basiese belydenis ooreenkomste van die kerke wie se Belydenis bekend is. Die vlak van ekumeniese kontak in die huidige Suid Afrikaanse samelewing vereis nie konfessionele eenheid in hierdie saak nie.

3.2.2 Bevinding

Uit hulle eie erkenning is daar ’n basiese Belydenisgrondslag, met van die lidkerke van die SARK, wat nie onbekend is nie. ’n Basiese gemeenskaplike Belydenisgrondslag, dien as vertrekpunt vir ’n gesprek en die redenasie van die GK Pretoria, kan nie dien as motivering vir opsegging van lidmaatskap nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 tot 3.2.2.

3.2.3 Aanbeveling

Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 **Beswaargrond 3 “Die SARK verwerp nie homoseksualiteit en die uitlewing daarvan as in stryd met die Woord nie”** (*Ons vind die gronde vir die beswaargrond op p5 van die Bylae by 4 [5.6.4])*

3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 Die beswaardes toon duidelik aan dat die SARK nie homoseksualiteit afwys nie, soos daar ook ander sake is. Tog oortuig die beswaardes nie om te onttrek nie gemeet aan die getuienisroeping van die kerk om oral te getuig.

3.3.1.2 Punt 5 van hulle bewysgrond wat beweer dat om lid van die SARK te word, sal die GKSA hierdie amptelike houding van die SARK mede onderskryf en hom verbind tot samewerking met ’n groepering wat openlik, homoseksualiteit goedkeur en toejuig.

Hierdie motivering is nie geldend nie, want die besluit van die Sinode 2006 is geneem welwetende dat die GKSA hulle onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handeling van die SARK nie. Die GKSA se lidmaatskap vereis nie dat die GKSA sy Belydenis moet prysgee of gelykstel aan enige ander kerk wat ook deel van die SARK is nie.

3.3.2 Bevinding

Die GKSA het hom reeds duidelik gedistansieer van sekere standpunte van die SARK en sal dit, vanuit ons gebondenheid aan Skrif en Belydenis steeds doen.

Besluit: Kennis geneem van 3.3.1 tot 3.3.2.

3.3.3 Aanbeveling

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 **Beswaargrond 4 "Die SARK verwerp nie die "Interfaith" en "Multifaith" bewegings nie, inteendeel, die SARK neem deel aan sulke aksies"** (*Ons vind die gronde vir die beswaargrond op p6 van die Bylae by 5 [5.6.5]).*

3.4.1 Beredenering

3.4.1.1 Die beswaardes toon aan dat daar gevalle was waar hierdie praktyke voorgekom het.

3.4.1.2 Die GKSA het hom alreeds uitgespreek oor sekere aksies van die SARK.

3.4.1.3 Die bevinding dat dit ondenkbaar is dat 'n Gereformeerde Kerk hom regstreeks op eie houtjie of onregstreeks deur die SARK of ander organisasies aan "Interfaith" optrede kan verbind, word nie verder beredeneer nie en gee geen rede hoekom die GKSA nie lid moet wees van die SARK nie.

3.4.1.4 'n Klompie Skrifgronde word in 4 aangehaal maar nie bespreek of behandel nie.

3.4.1.5 Hoewel die SARK deelneem aan Interfaith aksies, bepaal die besluit van Sinode 2006 dat die GKSA hulle onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handeling van die SARK nie.

3.4.2 Bevinding

Die Kommissie is van mening dat die lidmaatskap van die SARK nie deelname aan "Interfaith" aksies verplig/afdwing nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.4.1 tot 3.4.2.

3.4.3 Aanbeveling

Beswaargrond 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

G. MINDERHEIDSRAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Beswaarskrif: GK Pretoria (D) teen die besluit om aansoek te doen om SARK lidmaatskap.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet kennis neem

2.1.1 Dieselfde as in die Eerste Rapport

2.1.2 Die Kommissie het wel telefonies toeligting ontvang van Ds HT de Villiers.

2.2 Dieselfde as in die Eerste Rapport.

2.3 In Matteus 28 vers 19 staan die volgende: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

2.4 Die verantwoordelikheid wat toe, op Jesus Christus se dissipels gerus het om die Evangelie aan ongelowiges te verkondig rus ook op die Christene van vandag. Die feit dat ons in hierdie Sinode 2009 byeen is as mense wat nie net een taal nie maar

verskeie moedertale het, is bewys daarvan dat ook die GKSA bemoeienis wil maak met hierdie profetiese roeping wat die koning van die kerk ons opgelê het.

2.5 So is dit dan ook ons Ordereëling as kerklike vergadering om “in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig”, KO, art 28.

2.6 Verder bely ons ook in NGB, art 36 die volgende, oor die huidige Suid-Afrikaanse owerheid wat God oor ons aangestel het: “En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.”

Dat ons owerheid huidiglik nie is wat ons uit God se Woord bely dit moet wees nie, stel ons profetiese roeping teenoor die owerheid, as ‘n voor die handliggende gegewe. God moet immers ook in die owerheid die eer ontvang wat Hom toekom.

2.7 Die Formulier vir die bevestiging van ouderlinge stel onder punt vier dat die ouderling se opdrag soos volg is: “U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk.”

Oor die inhoud van ons boodskap en dat ons dit aan die regering moet verkondig is daar eenheid in die GKSA. Hiervoor kan ons God dank want dit is die band van eenheid in die Evangelie en roeping wat net deur Sy Gees tussen ons gesmee kon word.

2.8 Sinode 1967 besluit: *Hierby mag die bestaande ekumeniese bewegings nie uit die oog verloor word nie. Dit lê nie op die weg van die kerk om by sulke organisasies aan te sluit nie* (Acta 1967:367).

2.9 Sinode 1997 besluit: *In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor ’n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar ’n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word* (Acta 1997:176).

2.10 Dit is belangrik om te onthou dat die vraag nie handel oor getuienis teenoor die SARK en sy lede *per se* nie, maar eerder oor die GKSA se profetiese roeping teenoor die regering. Dit is dan ook die manier waarop hierdie saak by Sinode 2006 aan die orde gekom het.

Die oorspronklike opdrag aan die Deputate was om: *Namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet skakel onderhou (Acta 2003:230)*

2.11 In 1 Korintiërs 5 vers 11 staan daar: “...maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as ’n broeder bekend, ’n hoereerder is of ’n gierigaard of ’n afgodedienaar of ’n kwaadspreker of ’n dronkaard of ’n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.”

2.12 Assosiasie met ’n persoon wat homself ’n Christen noem maar wie se lewenswandel en Belydenis dit weerspreek word deur die Woord van die Here verbied. Daarom het die GKSA ook nie te lank gelede nie, haar onttrek van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER).

2.13 Die belangrikste punt van verskil tussen broers in die GKSA is dus nie oor die inhoud van ons boodskap teenoor die regering of dat ons ’n roeping het om dit te doen nie. Die verskil tussen ons is oor hoe ons die Evangelie aan die owerheid moet bring. Moet ons dit deur tussengangers van twyfelagtige herkoms en oortuiging doen, of sal die Here vir ons Self die weë na die owerheid oopmaak? Ons kan ook vra: Dikteer die Evangelie aan ons slegs die inhoud van ons boodskap aan die regering? Of dikteer dit ook aan ons hoe ons dit aan die regering moet bring?

Besluit: Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.13.

3. Beswaargrond 1

3.1 Beredenering

3.1.1 In die Skrif is daar duidelike voorbeelde wat toon *dat dit nie noodsaaklik is …om aan enige organisasie te behoort om deur die regering gehoor te word nie.*

3.1.2 Net so word die voorbeeld van Barug, die Profeet Jeremia se skriba aangehaal. Barug lees die Woord van God aan die volk, waarna Koning Jojakim se vorste hom laat roep om ook na die Woord te luister. Wanneer die vorste dit aan die koning lees verwerp hy dit en laat dit in die vuur verbrand.

3.1.3 In albei gevalle is die Woord van God aan konings bedien deur in die openbaar te spreek. Een koning het dit geglo, die ander het dit verwerp.

3.2 Bevinding

3.2.1 Sinode 2006 het geoordeel dat dit nodig is om by die SARK aan te sluit om "groter direkter" toegang tot die owerheid te kry (Acta 2006:172, 3.2 a).

3.2.2 Uit die motivering wat die beswaardes gee is dit duidelik dat die toegang tot die owerheid (konings) deur God gegee word deur bloot die woord van God in die openbaar te verkondig. Die Here sal die getuienis by die owerheid uitbring. Daar is geen noodsaak om dit deur menslike planne deur die SARK by die regering uit te kry nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.2.2.

3.3 Aanbeveling

Daar word gevolg gegee aan die beswaargrond.

Besluit: Afgekeur.

4. Beswaargrond 2

4.1 Beredenering

4.1.1 Die wese van die SARK is veelheid van belydenis solank dit "Christelik" klink, en derhalwe gebrek aan Belydenis. Die SARK se „Preamble" kan beskryf word as 'n precis of baie korterige opsomming van ons Belydenis van Atanasius. Maar waarom dan nie die hele Belydenis van Atanasius nie? En wat het dan geword van die Belydenis van Nicea, en die Apostoliese Geloofsbelydenis, Die Nederlandse Geloofsbelydenis; Die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls?

4.1.2 Lidmaatskap van die SARK, met die doel om teenoor die owerheid te getuig sal die GKSA se Reformatoriese Belydenis demp.

4.2 Bevinding

Bogenoemde motivering is grondig.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.2.

4.3 Aanbeveling

Daar word gevolg gegee aan die beswaargrond.

Besluit: Afgekeur.

5. Beswaargrond 3

5.1 Beredenering

5.1.1 Die GK Pretoria toon klinkklaar aan dat die SARK homoseksualiteit nie as sondig beskou nie. Die SARK se sekretaris generaal het die sogenaamde „selfde geslag huwelike" beskryf as „a joyful affirmation of their humanity and dignity"

5.1.2 Nog ander duidelike uitsprake en voorbeelde uit SARK geledere word genoem om die beswaargrond te staaf.

5.2 Bevinding

Bogenoemde motivering is grondig.

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.2.

5.3 Aanbeveling

Daar word gevolg gegee aan die beswaargrond.

Besluit: Afgekeur.

6. Beswaargrond 4

6.1 Beredenering

6.1.1 Die SARK kan sonder twyfel beskryf word as “interfaith”. Wat ’n samewerking met nie-Christelike godsdienste veronderstel.

6.1.2 Die beswaardes voer duidelike Skriftuurlike gronde aan, waarom die “Interfaith” beweging onomwonde afgewys moet word.

6.1.3 Die beswaardes se bevinding lui as volg: Dit is ondenkbaar dat ‘n Gereformeerde Kerk hom regstreeks op eie houtjie of onregstreeks deur die SARK of ander organisasies aan Interfaith-optrede kan verbind.

6.2 Bevinding

Die motiverings wat die beswaardes aanvoer in hulle betoog dat die SARK nie die „Interfaith“ of „Multifaith“ bewegings verwerp nie, en selfs aan sulke aksies deelneem is slaag.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 tot 6.2.

6.3 Aanbeveling

Daar word gevolg gegee word aan die beswaargrond.

Besluit: Afgekeur.

7. Gevolgtrekking

Beswaargrond 1 slaag.
Beswaargrond 2 slaag.
Beswaargrond 3 slaag.
Beswaargrond 4 slaag.

Besluit: Afgekeur.

Die Beswaarskrif slaag.

Besluit: Afgekeur.

Besluit: Die Minderheidsrapport word nie goedgekeur nie. Die Meerderheidsrapport is goedgekeur.